

EFFEKTE-OORDRAGBELASTING

Wat is dit?

Effekte-oordragsbelasting word gehef op elke oordrag van 'n effek en is in werking gestel vanaf 1 Julie 2008 ingevolge die Wet op Effekte-oordragsbelasting, Nr. 25 van 2007, saam met die Wet op effekte-oordragsbelastingadministrasie, Nr. 26 van 2007.

- Soos die aanvraag vir likiede bates toeneem as gevolg van hoër kapitaal- en likiditeitsvereistes, maak meeste skuldooreenkomste van aanvullende sekuriteit gebruik wat twee vorme kan aanneem, naamlik, pand/waarborg (geen oordrag van voordelige eienaarskap met geen belastingimplikasies nie) en (ii) regstreekse oordrag (uit-en-uit sessie van voordelige eienaarskap met belastingimplikasies).
- Wanneer 'n regstreekse oordrag van aanvullende sekuriteit uitgevoer word gedurende 'n effekte leentransaksie, is ekwiteitseffekte onderworpe aan beide inkomstebelasting en effekte-oordragsbelasting weens die feit dat die regstreekse oordrag van aanvullende sekuriteit die werklike oordrag van voordelige eienaarskap insluit.
- Ingevolge Artikel 8 van die Wet op Effekte-oordragsbelasting, 2007 (Wet nr. 25 van 2007), sal di effekte-oordragsbelasting vrygestel wees indien die regstreekse oordrag van aanvullende sekuriteit geen inkomstebelasting het nie en effekte-oordragsbelasting implikasies ontstaan vir aanvullende sekuriteitsreëlings vir die tydperk van tot 12 maande. Soortgelyk aan effekte-leenreëlings, sal gelyste aandele nie toegelaat word as aanvullende sekuriteit vir langer as 12 maande nie.
 - Hierdie tree in werking op 1 Januarie 2016 en is van toepassing ten opsigte van enige aanvullende sekuriteitsreëling aangegaan op of na daardie datum.

'n Sekuriteit beteken enige:

- aandeel of bewaarplek in 'n maatskappy; of
- lede-aandeel in 'n beslote korporasie (BK);

Top wenk: "Enige reg of benoeming om enige verdeling te ontvang van 'n maatskappy of beslote korporasie" is van die omskrywing van 'n "sekuriteit" verwyder vanaf 1 April 2012.

Effekte-oordragsbelasting word gehef vir:

- enige oordrag van enige effek uitgereik deur:
 - 'n beslote korporasie of maatskappy ingelyf, gestig of gevorm binne Suid-Afrika; of
 - 'n maatskappy ingelyf, gestig of gevorm buite Suid-Afrika en gelys op 'n beurs
- enige hertoekenning van effekte uit 'n lid se bank beperkte aandele rekening of 'n lid se onbeperkte en effekte-beperkte aandele rekening tot 'n lid se algemene beperkte aandele rekening.

Effekte-belasting word gehef teen 'n koers van 0,25%.

Vir wie is dit?

Effekte-oordragsbelasting is van toepassing op die aankoop en oordragte van gelyste en ongelyste effekte.

- Wanneer gelyste effekte deur of van 'n lid of deelnemer gekoop of oorgedra word, is die lid of deelnemer aanspreeklik vir die belasting. Daardie lid of deelnemer kan wel die betaalbare belasting verhaal van die persone aan wie die effekte oorgedra is.
- Die oordrag van enige ander gelyste effek, sal tot gevolg hê dat die persoon aan wie die effek oorgedra word, aanspreeklik word vir die belasting. Die belasting moet egter deur die lid of deelnemer wat die effek onder toesig hou, betaal word. Sou dit nie die geval wees nie, moet die belasting deur die maatskappy wat die gelyste effek uitgereik het, betaal word.
- Met die oordrag van die ongelyste effek, is die maatskappy wat die ongelyste effek oorgedra het aanspreeklik vir die belasting. Die maatskappy kan egter die betaalbare belasting verhaal van die persoon aan wie die effek oorgedra word.

Watter stappe moet ek volg?

Enige persoon aan wie 'n ongelyste effek oorgedra word, moet die maatskappy wat die effek uitgereik het daarvan verwittig binne 30 dae vanaf die datum van die oordrag.

'n Elektroniese verklaring moet voltooi en gestuur word op die SARS e-STT-stelsel vir elke effek wat oorgedra word.

Indien die effekte-oordragsbelasting nie ten volle betaal is binne die vasgestelde tydperk nie, sal rente teen die vasgestelde koers gehef word. 'n Tien persent boete sal ook toegepas word, indien enige bedrag onbetaal bly na die vasgestelde tydperk of indien die belastingpligtige versuim om te verklaar of 'n foutiewe stelling op die verklaringsvorm maak.

Hoe om eSTT-transaksiebesonderhede by SARS in te dien?

Om die eSTT-transaksie te voltooi en in te dien, moet jy vir eSTT-doeleindes op eFiling registreer.

Wanneer moet dit betaal word?

- Gelyste effekte: Effekte-oordragsbelasting moet betaal word teen die 14de dag van die maand wat volg op die maand waarin die oordrag van gelyste effekte plaasgevind het.
- Ongelyste effekte: Effekte-oordragsbelasting moet betaal word binne twee maande vanaf die einde van die maand waarin die oordrag van ongelyste effekte plaasgevind het.

Hoe moet dit betaal word?

Effekte-oordragsbelasting kan slegs deur elektroniese betaling deur die SARS e-STT-stelsel betaal word. Vir meer inligting oor die SARS eSTT-stelsel, skakel die SARS-kontaksentrum by 0800 00 SARS (7277).